

14. Gereed vir God se nuwe wêreld

Matteus 25:1-13

Tema

Wees gereed vir die nuwe wêreld van God (wederkoms) deur nou reeds te help bou daaraan.

Agtergrond

Hierdie gelykenis vorm deel van 'n groep gelykenisse wat almal praat oor die (onverwagse, skielike) koms van die Here en die manier waarop Hy ingewag word:

Vertel Matteus 25:5-9	4. Die krisis van die vyf onverstandige meisies
Vertel Matteus 25:11-12 en lees Matteus 25:13	5. Die bruidegom se reaksie
Uitkoms 1 Waarskuwing: Pasop dat ander sake in my lewe nie belangriker word as God se nuwe wêreld nie. 2 Uitnodiging: Wees altyd gereed deur besig te wees met die dinge wat vir God se nuwe wêreld belangrik is.	

Hulpmiddels by

Die storie

Begin

Ek wonder of julle nog die gelykenis van verlede keer kan onthou? En kan julle onthou waarom Jesus se gelykenisse handel? (Verwys na paneel 6.)

Natuurlik oor God se nuwe wêreld wat na ons toe kom. Vandag se gelykenis gaan weer oor God se nuwe wêreld.

Hoor

spesiale lampe geneem om aan te steek sodat almal die optog kon sien. Ongelukkig het net vyf van die meisies daaraan gedink om olie saam te vat om die spesiale lampe aan te steek. Die ander het glad nie eers daaraan gedink nie.

Ek wonder hoekom nie? Was dit nie vir hulle belangrik om hulle taak uit te voer nie? Was die bruidspaar nie belangrik genoeg om die dag spesiaal moeite vir hulle te maak nie? (Verwys na paneel 12.)

Ek wonder of ons nie vandag ook so besig met ons sake raak, byvoorbeeld maats, skool, sport en partytjies dat ons sommer gou van God

Leef

Nou hoe leef mense dan wat vir Jesus ken en vir wie Hy ken?

Elke huis het 'n manier waarop hulle leef. Die manier waarop mense in hulle huis leef, word gevorm deur die manier waarop hulle mekaar ken. Kinders doen sekere dinge omdat een van die ouers dit vir hulle gewys en geleer het. Gereed wees, is om te leef asof jou ouer enige oomblik kan opdaag. As ek begin lewe asof daardie ouer nie bestaan nie, mag dit net wees dat hy kan opdaag en so by my huis inloer en vir my sê: Ek ken nie die mens wat hier leef nie, want sy leef nie asof sy my ken nie. Hoe dink julle?

En as Jesus vandag by jou deur inloer?

Kleingroepvaslegging: Junior groep

Welkom

Laat elke kind wat aanmeld 'n kers aansteek by die groot kers of olielampie. Plaas dit op 'n veilige plek voor in die lokaal.

Wegspring

Gesels saam: Het jy al 'n troue bygewoon? Wat was lekker? Wat was interessant? Moes julle iewers wag? Hoe voel dit om te wag? Wat het die mense toe gedoen?

Wer

Kleingroepvaslegging: Senior groep

Welkom

Laat elke kind wat aanmeld 'n kers aansteek by die groot kers of olielampie. Plaas dit op 'n veilige plek voor in die lokaal.

Wegspring

Gesels saam: Het jy al 'n troue bygewoon? Wat was lekker? Wat was interessant? Moes julle iewers wag? Hoe voel dit om te wag? Wat het die mense toe gedoen?

2. Skuif die woorde rond sodat dit 'n sin maak wat by vandag se gelykenis pas. Skryf die sin in jou werkboek neer.

wanneer	altyd	sal
wakker	gereed	en
wees	omdat	gebeur
julle	nie	nie
weet	dit	

3. Skryf Matteus 25:13 soos dit in jou Bybel staan in jou werkboek neer.